Sing vooraf: Psalm 95:5 (p. 478)

5 Verhard jul hart nie, soos weleer / jul vaders wat – hoe dikwels weer! –
nie op my wondermag vertrou het. / Hul het My, deur die dors gekwel,
versoek, My op die proef gestel, / hoewel hul al my werk aanskou het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 32:6 (p. 153)

6 Regverdiges, laat hoor die blye tyding! / Sing voor die HEER 'n lofsang van bevryding,
'n sang wat juig oor skuldvergiffenis. / Sing, wie opreg van hart en wandel is!

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die Wet antwoord ons met Psalm 40:4 (p. 205)

Wet

Psalm 40:4 (p. 205)

4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde͡en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 59:10 (p. 291)

10 Maar ék sal van u sterkte sing, / u goedheid vroeg my jubel bring:
U was my toevlug in die nag, / in angs het ek op U gewag.
God van genade͡en sterk daarby, / aan U sal ek my loflied wy!

Skriflesing: Jakobus 1

Teks: Jakobus 1:18

Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van sy skepsele kan wees. (Jakobus 1:18 AFR1953)

Dit kan natuurlik nie gebeur dat die Here 'n mens versoek nie. Daarom gee die Bybel 'n duidelike definisie van wat die verskil tussen 'n beproewing en 'n versoeking is.

- Die Here beproef 'n mens se geloof.
- Maar die duiwel versoek 'n mens.
- Die Here versoek nooit iemand nie.

Die saak is dus maklik en duidelik: ’n beproewing kom van die Here en ’n versoeking van die Satan en die sonde.

Ons behandel die volgende eienskappe van ’n ware geloof:

1. Wie gaan almal versoekings beleef en wat is versoekings?
2. Karaktertrekke van ’n ware gelowige en sy geloof

1. Wie gaan almal versoekings beleef en wat is versoekings?

Om die brief te kan verstaan, moet ons onder andere weet wie die skrywer van die Jakobusbrief is.

- Hierdie Jakobus is nie die dissipel Jakobus, die broer van Johannes, een van die twee seuns van Sebedeus, nie.
- Hierdie Jakobus is ’n broer van die Here Jesus.

Daarom is dit so aangrypend dat hy hom bekendstel as ’n *slaaf* van God en die Here Jesus Christus.

- Hy het homself ten volle aan Jesus onderwerp en oorgegee.
- Dit is uit die brief baie duidelik dat hy met hierdie brief – soos met sy hele lewe – geen eer vir homself soek nie.

Die implikasie van hierdie bekendstelling is dat die lesers moet weet dat al die riglyne en vermaninge wat in die res van die brief volg, aanvaar moet word, want die riglyne word almal gegee in diens van sy Here.

- Die trefkrag is geweldig, veral omdat dit gegee word deur ’n man wat self deur versoekings gegaan het: Hy het in die begin nie in Jesus geglo nie.
- Ons lees in die Bybel dat Jesus se familie Hom aanvanklik verwerp het.
- Tog het hierdie man later in sy lewe die versoeking van ongeloof en die verwerping van sy Broer as die Messias oorkom, en nou kan hy as ’n gelowige aan die kerk van die Here skryf.

Hierdie brief word aan die twaalf stamme van Israel wat in die verstrooiing is, geskryf.

- *Aan die twaalf stamme* beteken *aan die kerk in sy volheid*.
    - **Verstrooiing** wys daarop dat die ware gelowiges oor die hele wêreld verstrooi lê.
    - Dit wys op die nuwe Israel – die Christendom (vergelyk Handelinge 1:8; 11:19). Die kerk van die Here wat uiteindelik op die nuwe aarde sal woon.
- Verder is dit belangrik om daarop te let dat hoofstuk 1:1 en 2:1 veronderstel dat die mense wat hierdie brief lees, ten volle op hoogte is met die werk van die Here Jesus Christus en die betekenis daarvan vir gelowiges.

As eerste deel van sy brief behandel Jakobus die standvastigheid en geloof waarmee die ware gelowige versoekings moet hanteer.

- In die tweede vers is daar ’n paradoks: **jy moet bly wees oor versoekings**.
- Dit is die eerste karaktertrek van ’n ware geloof.

Waarom moet ons bly wees oor dinge wat seermaak?

- Die antwoord is dat versoekings baie keer die uitwerking het dat dit jou geloof baie helderder maak en jou insigte verdiep.
- Die Here laat die Satan toe om mense te versoek om daarmee hulle geloof te beproef en te suiwer.

Ons moet net eers helderheid kry oor wat ’n versoeking is.

- ’n Versoeking is enige iets waarmee die duiwel jou kan of wil seermaak of jou verhouding met die Here skade aandoen.

- Enige iets kan ’n versoeking wees – van armoede en siekte tot rykdom en voorspoed. Sulke benoudhede dreig dikwels om Christene in sonde te laat verval.
- Die genade is dat die Satan niks kan regkry tensy die Here hom dit uitdruklik toelaat nie.

So ’n geloof kan uiteindelik volhard om ware geloof te wees.
- Volharding is ’n gawe van God.
- Daarom laat die Satan ook hierdie gawe nie met rus nie: hy val ons volharding aan deur die sonde.

Maar volharding moet tot die einde toe werk, en volharding moet jou geloof na ’n hoogtepunt toe oplei.
- Dit gaan hier nie oor aardse volmaaktheid nie, maar oor geestelike en sedelike volmaaktheid.
- Is ’n mens in staat om hierdie volmaaktheid in hierdie lewe al te bereik?
- Dit klink baie onmoontlik dat dit kan gebeur, maar die Bybel het voorbeelde van sulke mense – dink aan Henog en Elia.

2. Karaktertrekke van ’n ware gelowige en sy geloof

Om versoekings te bowe te kom, is **wysheid** nodig.
- Wysheid is die vermoë om onder bepaalde omstandighede jou kennis te gebruik om korrek op te tree.
- God gee sonder meer wysheid aan almal wat dit opreg begeer en wat dit van Hom kom vra.

Soos die genade van die Here is, word die pad van genade vorentoe geteken – Hy gee eenvoudig sonder om te verwyt.
- Die Here stel nie voorwaardes waarvolgens Hy weer iets in ruil daarvoor wil hê nie.
- Hy verwyt ook nie eers dat ons mos die wysheid gehad het en dat ons dit toe as gevolg van die sondeval verloor het nie.
- Hy verwyt ook nie al die onwysheid wat agter lê nie.

Die bidder moet deur **geen vertwyfeling vertroebel** word nie. Hierdie vers beklemtoon die gesindheid waarmee gebid moet word.
- Dit kan baie maklik gebeur dat ’n mens met jou mond bid, met ander woorde jou liggaam staan voor die Here en praat, maar jou hart is nie daar nie.
- Bid veronderstel geloof, want waar geen geloof is nie, daar is geen vertroue nie (dus: ook nie die hart nie).

In vers 7 word nog ’n tweede rede gegee waarom iemand wat nie in die geloof bid nie, niks van die Here ontvang nie.
- Dit is tog vanselfsprekend dat waar daar geen geloof is nie, daar ook geen gemeenskap tussen God en die bidder is nie.
- Twyfel word so gesien dat die bidder wat twyfel waarskynlik self geen waarde aan die gebed heg nie.
- Al is ’n twyfelaar deur sy gebed met God in verbinding, is hy tog dubbelhartig omdat hy nie werklik oortuig is van die rede waarom hy bid nie.
- Daarom sê die Here dat so ’n bidder soos ’n golf is wat deur stormwinde op die oop see heen en weer gejaag word – hy is heeltemal rigtingloos.

Die volgende karaktertrek van ’n ware geloof word in verse 9 en 10 beskryf.
- Daar moet **nie ’n trek van hoogmoedigheid** wees nie.
- Die Bybel het ’n baie interessante manier om dit te beskryf: Die broeder wat gering is, moet roem in sy hoogheid.
    - Die woord wat hier gebruik word, is nie *nederig* in teenstelling met *trots* of *hoogmoedigheid* nie. Die woord beteken letterlik *laag* of *klein* of *plat op die aarde.*
    - Dis waarom die nuwe Afrikaanse vertaling dit vertaal het met:

> **'n Gelowige wat arm is, moet hom daarin verheug dat hy sy aansien in God het,** (Jakobus 1:9 AFR83)

Natuurlik is in hierdie verse 'n dubbele betekenis.

- Die eerste is die letterlike.
    - So sien die Here ons: ons is nietig en klein en ons moet juis bly wees dat dit so is.
    - Daarom staan dit hier geskryf dat die klein mens moet roem in sy hoogte.
    - Die bedoeling is dat hy moet bly wees hy is so klein voor die Here, want dan is daar vir hom genade.

Dadelik word bygevoeg dat die ryke ook in sy kleinheid moet roem.

- Duidelik is die bedoeling dat die Here na die ryk man se hoogte kyk en nie na die dikte van sy beursie nie. Vanuit hierdie hoek gemeet, is die ryk man en die nederige ewe hoog (of laag) voor die Here.

Die tweede betekenis is 'n oordragtelike of geestelike betekenis.

- Die klein mens is terselfdertyd 'n nederige mens.
- Tog is hy hoog.
    - Nie letterlik hoog nie.
    - Hy is hoog in sy volharding in die geloof.
- Baie ironies word dan gesê dat die ryk man wat nie kan volhard in die geloof nie, moet roem in die feit dat hy so klein is dat hy vernietig kan word.

Die Here leer dat **sulke mense** – die klein mense – **salig is**.

- Die uitdrukking dui daarop dat hulle dalk aardse rykdom soos geld mag misloop, maar hulle ontvang 'n rykdom wat baie hoër is.
- Sulke mense gaan deur die Here gekroon word met die ewige lewe.
    - Die kroon waarvan hier gepraat word, is letterlik die lourierkrans wat in daardie jare aan die wenners by die Olimpiese Spele uitgedeel is.

Die hele aangeleentheid van versoekinge is so belangrik dat die Here weer daarop terugkom (v.12). Die ware gelowige moet versoekings weerstaan en verdra.

- In vers 3 het die Here geleer dat iemand met 'n ware geloof in die geloof volhard wanneer hy versoek word.
- In vers 12 leer die Here dat die feit dat jy volhard as jy versoek word juis die bewys is dat jou geloof eg is.

Die Here leer hier presies dieselfde as in Openbaring 2:10:

> **Moenie bang wees vir wat julle alles gaan ly nie. Kyk, die duiwel gaan party van julle in die tronk laat gooi, sodat julle in beproewing sal kom, en julle sal tien dae lank baie swaar kry. Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee.** (Openbaring 2:10 AFR83)

Die vraag kom dadelik by ons op: Is dit waar dat alle mense sal volhard wanneer versoekings op hulle toesak?

- Die antwoord is natuurlik: Nee!
- Daar is mense wat dan in sonde val en presies na die verleidende stem van die Satan luister.

Die gevaar bestaan dat mense dan teen die Here in opstand kom en hulle teen God verset.

- Dit is dan wanneer mense sê dat die Here hulle versoek.

Die Bybel openbaar hier glashelder dat die Here met kwaad en sonde niks te doene het nie.

- Kragtens die almagtige Wese van God kan kwaad en sonde geen invloed van buite op Hom uitgeoefen word nie.
- Kragtens sy heiligheid kan Hy nie versoek word om sonde te doen nie.

Die Bybel het nou al een saak baie helder opgeklaar: Die duiwel versoek ons. Maar waar begin hy? Waarvoor moet ons oppas? Die antwoord daarvoor kry ons in vers 14.

- Die mens maak sy deure vir die Satan oop – hy stel sy eie begeerlikhede tot die beskikking van die Satan.
- As die Satan eers daar 'n houvas gekry het, dan sleep hy die mens weg en verlok hom in die kwaad in.
- Daarna is daar net moeilikheid.
    - Die begeerte word bevrug,
    - en daarna gee dit geboorte aan sonde wat gedoen word.

Die gelowiges wat volhard en veg teen die sonde ervaar bekering en herskepping wat deur die Here aan hulle gegee word.

> **Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.**
> (Jakobus 1:17 AFR1953)
>
> **Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie.**
> (Jakobus 1:17 AFR83)

Ten slotte het die Bybel nog hierdie genadewoorde in vers 18 wat ons daaraan herinner dat dit nie net die sonde is wat ons bevrug nie.

- Die ander moontlikheid is dat ons deur die Woord bevrug kan word.
- Dit het die gevolg dat ons in die lewe gebring word om eerstelinge te wees van alles wat die Here geskep het.

Dit bring ons by die Here Jesus Christus.

- Hy is die Eersteling wat uit die dood opgestaan het – so staan dit in 1 Korintiërs 15 geskryf.
- Dit het gebeur omdat die Here Hom as Middelaar beskik het om ons sondestraf voor die Here te dra.

Hy moes eers 'n lewe leef waarin Hy volhard het in geloof en gehoorsaamheid aan God.

- 'n Lewe waarin daar nooit geloofstwyfel na vore gekom het nie.
- Hy moes met volharding streef daarna om Homself aan die dood oor te gee sodat die vir wie Hy sterf Hom in 'n lewe van volharding kon volg.
- Hy moes sterf en weer opstaan uit die dood om daarmee moontlik te maak dat ons ook soos Hy as volmaaktes en verheerliktes uit die dood sal opstaan.

Hy het na sy hemelvaart sy Heilige Gees na ons toe teruggestuur.

- Een van die dinge wat God die Heilige Gees doen, is om die ware geloof in ons harte te bewerk.
- En om dan al hierdie geloofseienskappe wat hier beskryf word, en wat van ons verwag word, by ons te vestig.

As ons na God die Heilige Gees luister, sal ons geloof sterk wees, en sal ons as eerstelinge van die skepping die eienskappe dra van mense wat uit die sonde uit herskep is in 'n geloofslewe in waarin ons niks kortkom nie – soos wat dit was met Elia en met Henog.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 24:1, 2 (p. 111)

1 Die ganse aarde, land en meer / met al wat leef, is uwe, HEER!
U het die waters in hul woede / beteuel in die skeppingstond
en het die aarde vas gegrond / op wye seë en watervloede.

2 Wie sal die Godsberg op kan gaan, / en wie sal op sy top kan staan,
omskitter deur Gods heilighede? / Die man wat rein van hart en weg,
sy siel aan nietigheid nie heg, / en trou is aan sy woord en ede.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
GereformeerdeKerk Bellville
Datum: 20 Julie 2008 (oggend)